

4 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 8:26-30

Fokusgedeelte: Romeine 8:28

Geloof, nie antwoorde, bring vrede

Ek vind dat gelowiges gedurende beproewing neig om te vra: "Waarom?" Die meeste van die tyd het ek eerlik nie die antwoord nie. Trouens, ek dink nie antwoorde sal in hierdie lewe verskaf word nie. Juis daarom is ons *gelowiges* en nie byvoorbeeld *weters* nie. Ons het dikwels net so min insig in skokkende gebeure soos die wêreldling. Ons kan nie eers sê nie: "Toemaar, eendag sal jy sien dat alles ten beste uitwerk!" Dit gebeur gewoon nie.

Ons soek dus op die verkeerde plek indien ons vrede soek in antwoorde. Ons vrede gaan juis die verstand te bowe, met ander woorde, ons vind vrede teen die verstand in – vrede terwyl my hele wese skreeu: Hoe kon dit!

Hierdie vrede het 'n dubbele grondslag. Eerstens glo ek dat God in beheer is van letterlik alles wat met my gebeur. Tweedens glo ek dat God se motiewe altyd suiwer is, al dui die konkrete feite op die teendeel. Die aangrypendste voorbeeld hiervan is 'n Vader wat sy enigste Seun aan 'n kruishout laat spyker. Dit wat menslik gesproke as 'n afstootlike gruweldaad beoordeel sou kon word, is vir my en jou die blye evangelie.

As ek dit in geloof kan aanvaar, waarom sal ek God se motief in enigiets anders bevraagteken? Dit is nie die resultaat op aarde wat uiteindelik tel nie, maar die voorbereiding vir die ewige. Daarvoor laat God inderdaad alles ten goede meewerk.

Ds D Pansegrouw (Oos-London)